kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 188:2,3

O God, so ryk en goed,
gee ons solank ons lewe
altyd 'n blye hart;
as dit u wil is: vrede.
Laat u genade ons
beveilig teen gevaar,
in donker ure ons
van struikeling bewaar.

Lof, eer sing ons voor God,
die bron van alle lewe –
die Vader, Seun en Gees,
almagtig en verhewe.
Drie-enig God, ons roem
u krag en majesteit.
O Heer, ons wil U noem:
ons God in ewigheid!

Woorddiens

Tema: "Hierdie tye… en verskillende generasies"

Skriflesing: Matteus 11:16-19 (1953)

16 Maar waarmee sal Ek hierdie geslag vergelyk? Dit is net soos
kindertjies wat op die markte sit en na hulle maats roep
17 en sê: Ons het vir julle op die fluit gespeel, en julle het nie
gedans nie; ons het vir julle 'n klaaglied gesing, en julle het nie
getreur nie.
18 Want Johannes het gekom en nie geëet of gedrink nie, en
hulle sê: Hy het 'n duiwel.
19 Die Seun van die mens het gekom — Hy eet en drink, en
hulle sê: Dáár is 'n mens wat 'n vraat en 'n wynsuiper is, 'n
vriend van tollenaars en sondaars. Maar die wysheid is
geregverdig deur sy kinders.

Broodjies vir die pad

"In the 1950s kids lost their innocence.
They were liberated from their parents by well-paying jobs, cars, and lyrics in music that gave rise to a new term ---the generation gap.

In the 1960s, kids lost their authority.
It was a decade of protest---church, state, and parents were all called into question and found wanting. Their authority was rejected, yet nothing ever replaced it.

In the 1970s, kids lost their love. It was the decade of me-ism dominated by hyphenated words beginning with self.
Self-image, Self-esteem, Self-assertion....It made for a lonely world. Kids learned everything there was to know about sex and forgot everything there was to know about love, and no one had the nerve to tell them there was a difference.

In the 1980s, kids lost their hope.
Stripped of innocence, authority and love and plagued by the horror of a nuclear nightmare, large and growing numbers of this generation stopped believing in the future.

In the 1990s kids lost their power to reason. Less and less were they taught the very basics of language, truth, and logic and they grew up with the irrationality of a postmodern world.

In the new millennium, kids woke up and found out that somewhere in the midst of all this change, they had lost their imagination. Violence and perversion entertained them till none could talk of killing innocents since none was innocent anymore."
― Ravi Zacharias, Recapture the Wonder

For over thirty-five years Ravi Zacharias has spoken all over the world in great halls and universities, notably Harvard, Princeton, and Oxford. He is listed as a distinguished lecturer with the Staley Foundation and has appeared on CNN and other international broadcasts. The author of several books for adults and children, he powerfully mixes biblical teaching and Christian apologetics. His most recent works include Walking from East to West, a memoir, The Grand Weaver, an exploration of God's intention and pattern in both the ordinary and the startling elements of life, and The End of Reason, a rebuttal of the claims of the so-called New Atheists. His weekly radio program, Let My People Think, is broadcast over 1,500 stations worldwide, and his weekday program, Just Thinking, is on almost 400. He is founder and chairman of the board of Ravi Zacharias International Ministries, headquartered in Atlanta, Georgia, with additional offices in Canada, India, Singapore, the United Kingdom, and the United Arab Emirates. Dr. Zacharias and his wife, Margie, have three grown children and reside in Atlanta.

http://www.goodreads.com/author/show/3577.Ravi_Zacharias

◆◆◆

"Do not believe in anything simply because you have heard it. Do not believe in anything simply because it is spoken and rumored by many. Do not believe in anything simply because it is found written in your religious books. Do not believe in anything merely on the authority of your teachers and elders. Do not believe in traditions because they have been handed down for many generations. But after observation and analysis, when you find that anything agrees with reason and is conducive to the good and benefit of one and all, then accept it and live up to it."
― Gautama Buddha

"Before you were born, your parents weren't as boring as they are now. They got that way from paying your bills, cleaning your clothes and listening to you talk about how cool you thought you

were. So before you save the rain forest from the parasites of your parent's generation, try delousing the closet in your own room."
— Bill Gates

"Like the generations of leaves, the lives of mortal men. Now the wind scatters the old leaves across the earth, now the living timber bursts with the new buds and spring comes round again. And so with men: as one generation comes to life, another dies away."
— Homer, The Iliad

Brood vir die pad

Mooi jong nonne in bruin rokke

Le Roux Schoeman

My ma is terug. In dieselfde tyd wat ek tien keer werk toe en teruggestap het, het sy 240 km tot by wêreldeinde Finisterre in Spanje gestap. Só het sy die Camino-pelgrimstog en nog so entjie enkele maande voor haar 65ste verjaarsdag voltooi.

Daar was hier en daar 'n taxi-rit as die stapskoene te swaar raak, maar die tog was meestal te voet tot by die Katedraal van Santiago de Compostela.

Ná 'n Nagmaal in Santiago en via die McDonald's op Dubai-lughawe is sy weer hier in die Kaap, net betyds vir die einde van die July-perdewedren in Durban (Marinaresco wen. "Pink sleeves, blue cap! Pink sleeves, blue cap!" skreeu die televisieomroeper).

Nou vat sy 'n middagslapie. 'n Pelgrim met *jet lag.* Sy lyk klein onder die winterkaros. Waar is die bene wat haar gedra het in die voetspore van die apostel Jakobus deur reën, hitte en verby ander se mielielande en frieskoeie? Aan haar rugsak, wat eenkant staan, hang die pelgrimskulp wat die storie help vertel.

Met haar aankoms was sy honger. Sy het soveel eiers by die koswinkel op die lughawe gekoop dat ek begin wonder het of Europa nog hoegenaamd hoenders het.

Sy maak toe vir ons spek en eiers, maar daar's iets anders wat aan my knaag. Al vir dae, dalk weke, voel ek so bietjie verhonger deur die karige boodskappe wat sy per WhatsApp laat deurkom het: Dit was te kripties na my smaak, ook nogal lukraak. Hier 'n kerktoring, daar 'n seekatpoot in 'n restaurant. Hier 'n koei, daar 'n "mede-Suid-Afrikaner". Min detail en veral min "plot". G'n ontboeseming. Niks *voice notes* wat lui: "Gisteraand het ek (weer) geween en nie geweet hoekom nie." Of: "Ek neem die brood. Ek eet, maar glo ek? Is die Nagmaal bloot 'n heilige plasebo? Word geloof groter namate twyfel groter word?" Daai is wat ek gesoek het, as ek eerlik moet wees: wending, inkeer. K*k en hare, soos 'n vriend van my destyds omtrent alles wat oor sy lewenspad sou kom, beskryf het.

Dis nie dat ek my ma trane en twyfel toewens nie. Dis net dat "die Camino" – hierdie wêreldberoemde tog van die Kerk van alle Eeue – in my geestesoog soveel meer is as 'n tipe Spaanse Otterwandelpad. Dis tog 'n ontginning van die psige, dan nie? Ek is ook kennelik beïnvloed deur die wonderlike boek, *Elders*, deur 'n vriend, Erns Grundling, wat pelgrimspadlangs so 'n sierlike swaelduik van die siel uitgevoer en geboekstaaf het.

Nou eet my ma roereiers en praat oor bieg. Stadig begin sy ontdooi, ontboesem, op haar manier. In die groot katedraal in Santiago, met sy besoekers van regoor die wêreld, kan kerkgangers in verskeie tale bieg, sê sy. Daar is geriewe. Daar is voorsiening. Maar my ma het nie. Sy het wel 'n bieghok afgeneem met haar Samsung-foon. Agter die gordyne kan jy sien daar is lewe. Weerskante van die biegskans.

Sy vertel ook van die mooi, jong nonne wat sy rondom kerk en klooster gewaar het. "Die jonges dra bruin, later wit."

"Wat dóén hulle? Waarmee kom hulle klaar?" wonder sy en skep nog eier, dié keer op brood.

Ons praat oor die bieg as instelling, as Kerktradisie. My pa, 'n proto-Protestant en moeitelose Calvinis, raak stiller en kap-kap met sy vurk na sy roereier. Oor bieg weet ons gesinnetjie bra min. Deels danksy Martin Luther se Stellings wat in 1517 *viral* gegaan en 'n wig tussen "ons" en die einste Kerk gedryf het waarin my ma nou so lekker haar stapskoentjies gaan uitskop en na die koormusiek sit en luister het.

Waaroor sou die mense so sit en bieg, wonder ons moedig voort – drie blindes wat tas deur 'n nagdonker kamer van gesprek.

Ek dink summier aan jong nonne in bruin rokke met growwe some en dalk saggelooide leersandale aan hul smal Spaanse voete en hare wat kleef teen hul slape en koek in hul oksels soos hulle arbei vir die Kerk – buite die kapitaalstelsel en die loopbaandrukgang; vry van die jukskei van die kerngesin. Kniel hulle in gebed? wonder ek.

Goed, Luther was meer teen die praktyk van die betaal van 'n "aflaat" vir oortredinge en kerklike korrupsie in die algemeen as teen bieg per se, en ten slotte was hy pro-Genade, wat moeilik is om mee fout te vind, maar hierdie jaar wat ons hom herdenk, wonder ek nogal of hy nie daai stellings sou aanpas of versag as hy geweet het wat ons nou weet nie? Soos 'n Helen Zille-twiet.

Ek kyk so na my ma. *Never mind* kilometers, hoe ver het sy nie nou teruggereis in die Christengeloofstradisie nie? Ná 'n tyd voor NG Kerk-argitektuur. Voor orreliste met truspieëltjies op hul instrumente en voor tee ná 'n driepuntgestruktureerde 45-minuutlange preke. 'n Tyd voor die Hugenote en die Edik van Nantes (Sondagskoolmeneer spreek dit sommer uit dat dit rym met Ooms en Tantes!). 'n Tyd voor Luther en Barth en oom Bey en die Gaums. Dalk, prys God, 'n tyd voor ons.

In Durban, waar ek grootgeword het, was daar nie heiliges nie, of die bieg, die aflaat of kerse of stilte nie. Of juis sprake van die Kerk van alle eeue nie. Daar was die beleefde rugbyspelerdominee en sommige Sondae was daar Zelise se ma wat nie 'n bra gedra het nie. En die seëngroet.

My ma se eier is op. Mes en vurk lê kuis langs mekaar en sy vertel nog 'n storie. 'n Staaltjie uit haar jeug in Pretoria. Soms moet jy deur Europa stap om iets uit Groenkloof te onthou.

My ma se ma se halfbroer: "Hy't snaaks geword."

Hy beland toe by Katolieke nonne, op sy oudag, in 'n tehuis. Hy had 'n kunsgebit. Hy was gemaklik en gelukkig daar by die nonne, ten spyte van die effens volksvreemde kerkhou en bieg. Net een probleem, vertel hy op 'n dag aan sy halfsuster: "Ek sukkel om Latyn te praat met my valstande in."

Ons lag en ek dek af.

In die yskas is daar nog 20 eiers oor.

* *Le Roux Schoeman is Netwerk24 se hoof van multimedia.*

http://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/le-roux-schoeman-mooi-jong-nonne-in-bruin-rokke-20170706

◆◆◆

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877